Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

15 November 2026

Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!

Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / admin@gkbo.org.za

Oggenderediens (9:00) : Ds Brahm Robinson

Vooraf: Ps 29: 1, 5 (Cloete)
Votum en groetseën
Sing: Lied 210: 1-3
Geloofsbelydenis
Sing: Lied 449: 1-4
Wet van die Here
Gebed
Woordbediening
Skriflesing: 2 Kon 4: 8-37

Tema: *Die Here gee vir ons beloftes in sy Woord en geloof om met sekerheid te hoop.*
Gebed
Offergawe
Sing: Ps. 68: 9,13,16 (Totius)
Uitstuurseën
Amen
Katkisasie afsluiting: Sing Lied 304: 1-3
(v 1,2 almal, v3 vir die kinders)

English Service (16:30) : Rev Anton van Rensburg

Greeting
Benediction
Apostolic Creed
The Law of God

Scripture: Acts 1:1-14
Theme: *We all live by Grace*
Prayer of Dedication
Benediction

Aanderediens (18:00) : Ds Jaco Linde

Votum & Groetseën
Sing: Lied 202: 1,2,3
Gebed
Sing: Lied 327: 1,2,3,4
Skriflesing: 1 Petrus 2:1-10 **HK So 33**
Tema: *Priester*

Gebed
Liefdegawe

Sing: Ps. 134: 1,2,3
Uitstuurseën
Amen

Waarvoor kan ons bid?

- Bid vir die teologiese opleiding van die GKSA:
  - dat die Here aan die professore van die GKSA wysheid en krag sal gee vir hulle bediening
  - Dat die Here broeders sal roep om opgelei te word en stuur om sy kerk te bedien
- Dank die Here vir sy getrouheid en werk in mense se lewens; dat ons hierdie jaar kon beleef hoe verskeie babatjies deel gemaak word van sy verbond, en ook verskeie mense belydenis van geloof kon aflê.
- Bid vir broers en susters wat beproef word deur swak gesondheid.

Chri-sante:	**Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676	
	Alle Hospitale: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen	
WEBTUISTE:	https://www.gkbo.org	
Ds Brahm Robinson:	064 656 1374	brahmrobinson@gmail.com
Ds Jaco Linde	062 552 5492	lindejaco@gmail.com
Kerkkantoor/whatsapp:	082 712 4629	admin@gkbo.org.za
Kassier:	083 659 1301	kassier@gkbo.org.za
Kosters: Elfriede / Melanie	083 636 9840 / 084 308 3118	koster@gkbo.org.za

KOLLEKTES: VANDAG : Diakonale Kas en Teologiese Hulpfonds
Sondag 22 November : Diakonale Kas en Emeritaatsfonds

	VANDAG:	**Sondag 22 November:**
Orrel:	Hettie Henning	Bart van Milligen
Projektor:	Arne Singels	Jenny Wendt
Teeskink:	GF03; GF04; DN2 en DN3	DN4; KU1 en KR2
Parkeerterrein:	Johan Jansen en Jenna Scott	Dewald en Hester Hattingh

KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG: Chris Venter en Andries van Heerden
Sondag 22 November: Elsie Visser en Sjoerd Alkema

DAGBOEK 15 November tot 22 November

VANDAG	Gebedsgeleentheid	Gebedskamer	8:30
	Katkisasie Afsluiting na die diens	GKBO Kerkgebou	10:00
Do 19/11	Bestuursouderlinge vergadering	AANLYN	07:30
Son 22/11	Hulpkategete-vergadering	GKBO	10:00

BYBELSTUDIES

Ma16/11	Aand Bybelstudie (Eugene)	GKBO	19:00
Wo 18/11	Oggend Bybelstudie (Brahm)	GKBO	10:00
Do 19/11	Studente Bybelstudie (Jaco)	Aan huis by Jaco	19:00
Do 19/11	Weskus Bybelstudie	Cornelia Jansen	18:45

Van die Kerkraadstafel:

Ds Brahm het verlede Sondag 'n beroep ontvang na GK Centurion. Ons bid die Here se leiding, wysheid en insig oor hom en Lida in die oorweging van hierdie beroeping.

Geloofsbelydenis

Die Nel-gesin, Barry, Magda en Valeska sowel as **Chanté Opperman** het na kategese die begeerte uitgespreek om hulle geloof openlik voor God en Sy gemeente te bely. Na deeglike ondervraging deur 'n kommissie is die kerkraad tevrede dat hulle wel oor die geloofsvolwassenheid beskik om tot hierdie stap oor te gaan. Hulle sal dan ook DV volgende Sondag die geleentheid gegee word om dit te kan doen.

Tydens dieselfde geleentheid word die doop bedien aan twee verbondskindjies in die gemeente nl **Liané,** dogtertjie van **Tiaan en Chanté Opperman** asook vir **Stefan**, seuntjie van **Willem en Bianca Maritz.**

Ons is die Here so dankbaar vir Sy ongekende genade in die lewens van Sy kinders.

Ouderling ontvang ontslag

Oudl Douw Krüger ontvang vanoggend eervolle ontslag van die Kerkraad. Br Douw het vir baie jare sy Here binne en buite die gemeente met ywer aangepak. Baie dankie vir jou harde werk as ouderling en ons bid jou die seën van die Here toe met alles wat jy steeds binne en buite die gemeente aanpak.

Sakrament van die Nagmaal – Sondag 29 November

Ons vier DV volgende Sondag **29 November** die sakrament van die Nagmaal in opdrag van ons Here Jesus Christus.
In die oggende geskied dit in die banke asook aan tafel terwyl dit in die aande slegs aan tafel gevier word. Die ouderlinge sal tydens die bediening van die Nagmaal die wyn en die brood uitdeel. Hou dit gerus by u sodat ons almal saam die Nagmaal kan vier.

Indien u dalk die oggend of aand 'n besoeker is, is u ook welkom om die Nagmaal saam met ons te vier indien

- u onvoorwaardelik Jesus Christus as Verlosser en Koning bely en biddend navolg deur die krag van die Heilige Gees
- u die gereformeerde godsdiens bely en beoefen
- u die vrymoedigheid het om die Nagmaal in u eie gemeente te vier en nie onder kerklike tug staan nie.

Skriftelike aansoeke kan gerig word aan skriba@gkbo.org.za

Lidmaatsake en Nuus

Meelewing:

Ami Aucamp steeds in Panorama Medikliniek waar hy behandel word vir 'n longinfeksie. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe.

Lynette Grové het onlangs 'n Revisie van die linker skouervervanging ondergaan. Die dokters is baie tevrede met die afloop van die operasie. Mag dit ook nou die einde van jou pyn en ongemak wees, Lynette.

Wouter Grové se nekoperasie in Cape Gate Hospitaal was geslaagd en hy sterk baie goed aan. Ons is saam met jou dankbaar dat dit so goed verloop het.

Thea van der Walt het geval en haar skouer gebreek. Sy is tans in die ISE van Durbanville Medikliniek waar haar toestand eers moet verbeter voordat hulle kan opereer. Mag sy en Botha elke dag van die Here se teenwoordigheid bewus wees.

Ida van Dolderen het ook 'n vinnige draai gemaak in die hospitaal vir 'n lensvervanging in die oog. Ons bid saam met jou dat jou sig nou mooi herstel.

Christina van Huyssteen ondervind ernstige gesondheidsprobleme wat hoofsaaklik te wyte is aan die Chemoterapie wat sy huidiglik ontvang. Sy is baie swak en word mooi versorg deur die personeel van Huis Boland. Ons wil haar ook verseker van ons volgehoue voorbidding vir haar.

Hennie Voigt is ontslaan uit die hospitaal maar het ook longontsteking opgedoen. Dit gaan al beter en ons is saam met Magda dankbaar vir sy beterskap.

Hilda Willemse is oorgeplaas na 'n gewone saal en sal binnekort in die siekeboeg van Fairtrees Aftree-oord opgeneem word. Sy is baie swak en ons bid haar en haar familie die krag en genade van die Here toe.

Ons groet:

Vertrek met attestaat: Peet en Marietjie van Biljon (GK Kaapstad)
Vertrek sonder attestaat: Almi Lamay
Beëindig lidmaatskap: Loraine Schutte en Liam Billimore; Jacques en Zia Duffy

Ons bid julle die seën van die Here en mag julle by julle nuwe gemeentes 'n geestelike tuiste vind.



Kleuterkatkisasie:

Ons herinner graag ons ouers van jong kinders, veral ons nuwe lidmate, dat daar elke Sondagoggend tydens die kwartaal voorskoolse katkisasie vir kinders 3-6 jaar aangebied word. Die kinders leer van die evangelie op ouderdomsgepaste wyse. Die kleuterkatkisasie is in die eerste katkisasieklas in die agterste vierkant (by die agterdeur van die saal.)

Ons doen 'n beroep op enige lidmaat om hier te kom bedien. Daar is tans ongeveer ses helpers wat gereeld betrokke is. Ons wil graag ook die span wat help met beplanning uitbrei. Ouers, grootouers of paartjies wat graag wil help kan met Louise Aucamp skakel. Daar sal ook volgende week na afloop van die erediens 'n beplanningsessie vir volgende jaar wees.

Mediateek:

Bybelstudieboeke beskikbaar oor die Ou Testament:





Borge en Bydraes:

1. Die reëlings vir die Boland Hoërskool kamp is in volle swang. Ons sien telkens die Here se seënende hand oor hierdie mooi inisiatief. Die ekonomie druk egter hard, en ons wil nie hê dat enige kind weens finansies die kamp nie kan bywoon nie. Ons vra dus indien enige lidmaat graag 'n bydrae wil maak om 'n kind vir die kamp te borg, met watter bedrag ook al, julle asseblief vir Jaco Linde sal kontak.

2. CPM (Christian Prison Ministries) wil graag vir elke student wat ons bedien iets spesiaals vir hierdie Kersfees gee. Skakel asseblief met die CPM kantoor indien julle 'n pak gewone wit A4 papier kan of wil skenk.

3. Ons benodig steeds bydraes vir **Skooltassie** projek, wat ongeveer R50 000 beloop – R700 tot R800 per kind. **Hoe kan jy help?** Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word:

   Charitas GKBO NPC : Bank: FNB : Rekeningtipe: Gold Business Account
   Rekeningnommer: 62752972573 : Verwysing: Skooltassie

   Elke bydrae, groot of klein, help ons om hierdie kinders met die nodige skryfbehoeftes, hoop en selfvertroue toe te rus vir 2027.

Verjaarsdae: 15 – 21 November



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar en in besonder **Alan van Freden en Lea van der Walt Robinson.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

VANDAG	15/11	RUBEN	DU PLESSIS	GF04
		BERNARD	MOSTERT	EV3
Ma	**16/11**	RUAN	DE WAAL	EV2
		CHRIS	JACOBS	EV1
		ALAN	**VAN FREDEN**	**OA2**
		JAN	VENTER	BL2
		MIANÉ	CORNELIUS	BR5
Di	17/11	FRANCOIS	DU PLESSIS	GF09
		ERIKA	HUISAMEN	GF22
		RIAAN	JANSE VAN RENSBURG	VR5
		CORNE	BOTHA	GF23
		JOHANITA	THERON	VR2
Wo	18/11	HILDEGARDE	BADENHORST	GF03
		EMMA	COETZEE	BR4
Do	19/11	HENCO	SMIT	GF26
		HENNIE	VENTER	BL1
Vry	**20/11**	**LEA**	**VAN DER WALT ROBINSON**	**BL2**
		ANRI	MILLER	TY2
Sa	21/11	JURIE	VAN ASWEGEN	GF18

Bolandkamp 2026

Egte geloof in ‘n kunsmatige wêreld



Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember
Disakloof Kampterrein, Bettysbaai

**Hierdie advertensie is gemaak deur ‘n mens*

Inskrywingsvorm

Geestelike naïwiteit en sosiale media

deur ds Janré van Jaarsveld

Kan TikTok, YouTube en Instagram jou geloof vorm? Ontdek waarom geestelike naïwiteit op sosiale media gevaarlik is en hoe om Bybels te onderskei.

Duiwe is oral. Maak nie saak waar jy bly nie, jy het waarskynlik al een gesien wat onseker rondstap, kop knik, en sonder duidelike rigting in sirkels rondvlieg.

Dit is presies hierdie beeld wat die Here in Hosea 7:11 gebruik. "*Efraim het geword soos 'n duif – dom en sonder verstand"*

Die volk Israel se leiers was in hierdie tyd soos dom duiwe. Toe moeilike tye kom, het hulle nie eerste na die Here gevlug nie. Hulle vlieg angstig rond en soek orals en by almal hulp, in plaas daarvan om na die Here te vlug en op Hom te vertrou. God se volk het baie keer in hulle geskiedenis soos bang, dom en fladderende duiwe opgetree.
Hulle was geestelik naïef. En as ons eerlik is, kan ons vandag maklik dieselfde word.

Wat beteken geestelike naïwiteit?

Om naïef te wees, beteken om dinge té maklik te glo of te vertrou sonder om eers mooi te dink of dit reg, waar of wys is.
'n Mens kan ook in jou geloof naïef wees. Dit gebeur wanneer jy verkeerde dinge volg of vertrou sonder om dit eers aan God se Woord te toets. Dit is presies wat Israel in Hosea 7 gedoen het. Hulle het nie eerste na die Here gegaan nie. Hulle het eerder hulp by Egipte en Assirië gesoek—ironies genoeg by vyande van God se volk.
Dit is net 'n dom duif wat raad by 'n kat gaan soek.

Wees versigtig vir die algoritme

Ons as gelowiges moet baie versigtig wees dat ons nie soos naïewe duiwe deur die lewe vlieg nie. Vandag kan 'n kort TikTok-video, 'n emosionele YouTube Short, of 'n mooi Instagram-boodskap vinnig soos "die waarheid" voel. *Maar sosiale media is nie jou Bybel nie.*
'n Kort video met treffende musiek en inspirerende woorde is nie dieselfde as om self God se Woord te lees, te bestudeer en te oordink nie.
Baie tieners en jongmense leer vandag meer oor God op sosiale media as uit die Bybel self. Dit kan maklik tot geestelike naïwiteit lei.

Wat gebeur wanneer sosiale media jou geloof vorm?

As ons geestelik naïef deur die lewe gaan, raak ons maklik vatbaar vir misleiding. As jy nie die Bybel goed ken en naby aan die Here leef nie, gaan jy maklik dinge glo wat verkeerd is.
Nie alles wat mooi klink of aantreklik lyk, is waar nie. 'n Halwe waarheid is ook 'n leuen.
Nog 'n gevaar is dat ons stadig begin vertrou op influencers, trends en populêre opinies eerder as op die Here.
Vandag glo jy een ding. Môre glo jy iets heeltemal anders. Voor jy jou kom kry, fladder jy rond soos die dom duif in Hosea 7:11.

Ses maniere om geestelike naïwiteit te vermy

1**. Lees self jou Bybel**
Moenie net leef van wat ander mense oor die Bybel sê nie. Leer om self God in sy Woord te ontmoet. Gebruik hulpmiddels, leesplanne en goeie preke, maar moenie jou eie stiltetyd vervang nie.

2. **Toets alles aan die Woord**
As jy iets op TikTok, Instagram of YouTube hoor, vra: “Is dit waar volgens God se Woord?” Moenie blindelings agter trends aan vlieg nie.

3. **Bid vir onderskeidingsvermoë**
Bid daagliks: “Here, help my om nie sommer alles te glo nie. Help my om waarheid van leuen te onderskei.”

4**. Wees deel van jou gemeente**
Die Here het ons nie gemaak om met net ’n selfoon en Wi-Fi alleen deur die lewe te gaan nie. Gelowiges help om mekaar op die regte pad te hou.

5. **Wees versigtig vir TikTok-Christenskap**
Nie elke video op TikTok en YouTube oor Jesus is verkeerd nie. Maar onthou: **Die algoritme is nie die Heilige Gees nie.** Sosiale media wil jou aandag hê. Die Here wil jou hart hê.

6. **Bly in Christus geanker**
Ware wysheid is nie net om baie te weet nie. Ware wysheid is om Jesus Christus te ken, Hom te volg, en in sy Woord geanker te wees.

God roep ons om met onderskeiding te leef
Die Here wil nie hê ons moet soos dom duiwe deur die lewe rondfladder nie. Hy wil hê ons moet rus, vrede en waarheid in Hom alleen vind. Hy wil hê ons geloof moet nie gevorm word deur trends, clips of algoritmes nie, maar deur sy Woord.
U woord is ’n lamp vir my voete en ’n lig vir my pad. Psalm 119:105

Hoe nader jy aan Jesus Christus leef, hoe minder sal jy soos ’n dom duif deur die lewe vlieg – en hoe meer sal jy met wysheid en onderskeidingsvermoë leef, tot eer van sy Naam.



GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA

RAPPORT AAN DIE KERKE VAN DIE KURATORE VERGADERING VAN 10-12 November 2026

Die Kuratorium van die GKSA is 'n vergadering van afgevaardigdes uit die kerke deur Streeksinodes in Suid-Afrika en die Nasionale Sinode in Namibië. Hulle het die opdrag om toesig te hou oor dosente, studente en die kurrikulum van die Teologiese Skool in Potchefstroom. Die kuratorium het 10-12 November 2026 vergader en rapporteer graag aan die kerke.

1. **Opleiding**

   Tans maak die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) van drie opleidingsinstansies gebruik, naamlik die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA), Mukhanyo Theological College (MTC) en die Noordwes Universiteit (NWU). Die oogmerk is dat die GTA as die aangewese akademiese opleidingsinstansie van die GKSA word wat geakkrediteerde kursusse vir die kandidaatstudente (en ander belangstellende studente) aanbied, en goeie vordering word hierin gemaak. Die terreininspeksie vir akkreditasie en registrasie het reeds plaasgevind en ons verwag om binnekort terugvoer hieroor te kry.

   Terwyl die GTA besig is met die proses van akkreditasie word studente toegelaat om ook by MTC te studeer. Die eerste drie jaar se kandidaatstudente studeer dus by die GTA en MTC, en die vierde en vyfdejaar kandidaatstudente studeer nog by die NWU. In hulle sesdejaar skryf kandidaatstudente in vir kerklik-spesifieke akademiese modules by die TSP. Tegelykertyd is die sesdejaar 'n praktiese jaar waartydens studente meer intensiewe praktiese blootstelling ontvang.

2. **Studentesake**

   Daar was hierdie jaar vyf en veertig studente wat aan die TSP gestudeer het om hulle as predikante te bekwaam. Vier studente het in Julie 2026 hulle kandidaatsertifikate ontvang, en tydens 'n promosieplegtigheid op 10 November 2025 het ses studente hulle kandidaatsertifikate ontvang, naamlik Rynhardt Landman, Stephan Olivier, Markus Venter, Sibusiso Ngcobo, Shadrack Maluleke en Ammi Pelser. Ons bede is dat die Here hulle verder op hulle pad sal lei waar hulle streeksinodes en klasses aanmeld vir eksaminering kragtens artikel 4 van die Kerkorde.

   Vier studente het tydens die promosieplegtigheid preekkonsent onvang sodat hulle hulle preekgawes in gemeentes kan oefen. Hulle is Prieur du Plessis, Khula Mbanjwa, Johny Mofokeng en Makhosi Miya. Gemeentes word aangemoedig om hierdie broers te gebruik om tydens eredienste voort te gaan. Nathan Delarey (Tel.: 082 610 1737) kan hiervoor gekontak word.

Elf studente het aangemeld om met hulle kandidaatstudie volgende jaar te begin.

Die kuratorium doen 'n ernstige beroep op kerke om in die lig van art 19 van die KO om geroepe broeders aan te moedig om vir teologiese studies aan te meld. *"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid daarom die Here van die oes dat Hy arbeiders uitstuur om sy oes in te samel."* (Matteus 9:37b, 38).

3. **Personeel**

Tydens die promosieplegtigheid is eervolle emeritaat toegestaan aan proff. Chris van der Walt en Naas Ferreira. Hulle emeritaat tree op 31 Desember 2026 in werking. Ons dank die Here vir hulle gawes en hulle diens as predikante en professore in die GKSA.

Die aantal beroepe professore by die TSP is volgende jaar vyf. Hulle werkslading het die afgelope jare baie toegeneem, en ons is dankbaar vir die harde werk wat hulle doen. Saam met hulle ondersoek die kuratore maniere om hulle werkslading te verlig. Onderrig by die GTA geskied tans deur tydelike dosente, wat uit predikante van die GKSA bestaan. Ons is dankbaar vir hierdie predikante om ook op hierdie manier diensbaar te wees. Die kuratore is in 'n proses om 'n doktor in teologie te beroep.

Die registrateur en ondersteunende personeel vervul 'n belangrike funksie, en ons spreek ons opregte waardering teenoor hulle uit.

4. **Finansies**

Met die afname in ramings-inkomste is die finansiële posisie van die TSP kommerwekkend. Deur noukeurige bestuur van die administratiewe buro in samewerking met die kuratore en met die beskikbare finansies kan die teologiese opleiding voortgaan.

Die kuratorium spreek hulle dank uit teenoor gemeentes en individue wat bydraes gemaak het aan die Studentehulpkas, nadat daar na die Julie vergadering in 'n brief vir hulp gevra is. Hierdie hulpkas speel 'n baie belangrike rol sodat kandidaatstudente voltyds op hulle studies kan fokus. Ter wille van die volgehoue ondersteuning aan studente doen die kuratore 'n beroep op die kerke vir voortgaande ondersteuning.

5. **Verhouding TSP en NWU**

Die ooreenkoms wat dekades tussen TSP en die NWU bestaan het, loop op 31 Desember 2026 ten einde. Die onderhandelingsproses om die gedeelde belange tussen die twee instansies te ontbondel is in 'n proses om afgehandel te word.

6. **Voorbidding**

Die werk aan die TSP ter wille van die opleiding van Woordbedienaars kan nie voortgaan sonder die voorbidding van die kerke nie. Die kuratorium vra veral voorbidding vir:

- Genoeg broeders wat die gawes en die roeping ontvang om as Woordbedienaars bekwaam te word.
- Beroepe professore wat in moeilike omstandighede hulle roeping uitleef.
- Dat die verhouding tussen die GTA, MTC en NWU met wysheid bestuur word.
- Dat die Here sal voorsien sodat ons bedienaars van die Woord opgelei kan word vir die opbou van ons kerke en die uitbreiding van God se koninkryk.

Drs Heinrich Zwemstra en Christiaan Jooste

GKBO Kommunikasiekanale:

Die gemeente het verskeie kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting.
Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en **slegs *admins* kan boodskappe versprei**. **In lyn met die POPIA wet mag slegs lidmate lede van die groepe wees.**

Algemene Gemeente boodskappe: (Slegs lidmate)
https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq

Susters whatsapp groep: https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel (Slegs lidmate)

Kontaknommer vir die kerkkantoor: Jenny Wendt 082 712 4629

Bybelse Berading:

Kyk gerus op ons webtuiste www.gkbo.org na die volledige inligting.

Cherie Fourie : Epos: cherie@abbo.org.za; Selfoon: 083 522 7667
Fokusareas: Vroue en kinders, egskeiding, dood, rou, huwelik, mishandeling, aftrede, konflik, skolastiese vordering, selfbeeld en identiteit.

Eugene Viljoen : Epos: emyn04@gmail.com; Selfoon: 084 023 8239
Fokusareas: Algemene etiese vraagstukke insluitend seksualiteit en geslagtelikheid, genadedood, selfdoding, reg en geregtigheid, lewenseinde, huwelik, egskeiding, hertrou en huwelikvoor-bereiding.

Hennie Kruger : Epos: henniekruger73@gmail.com; Selfoon: 072 320 8170
Fokusareas: Finansiële Rentmeesterskap, rou en verliesverwerking, konflik en verhoudings.

Vorster Combrink : Epos: vorster@abbo.org.za; Selfoon: 082 872 9725
Fokusareas: Huwelik, ouer-kind-verhoudings, trauma (akuut, kronies, seksueel, post trauma); verslawings (verhoudings; middels; voedsel; geld; seks)

GKBO-Inligting

Eredienstye: **(Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr)** (Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)
English Service: 16:30
Kerkkantoor: 08:30 – 14:00
admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

Ds. Brahm Robinson	brahmrobinson@gmail.com	☎ 064 656 1374
Ds. Jaco Linde	lindejaco@gmail.com	☎ 062 552 5492
Ds. Reynold Fourie	fouriereynold@gmail.com	☎ 084 707 6276
Ds. Reinder Kingma	reinderkingma@gmail.com	☎ 084 827 2443
Skriba: Hessel Dijkstra	skriba@gkbo.org.za	☎ 082 785 5193
Koster: Elfriede Coetzee	koster@gkbo.org.za	☎ 083 6369 840

Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005
Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir ‘n Bydraevorm
Besoek ons webwerf by www.gkbo.org